NG GEMEENTE HEUWELSIG

Vakature: Faktotum/Nutsman

Die dienste van 'n Faktotum/Nutsman word benodig wat aan die volgende **vereistes** voldoen:

- 'n baie netjiese persoon wat onafhanklik en deeglik kan werk;
- iemand wat uitstekend met alle mense oor die weg kan kom;
- iemand wat sterk inisiatief kan neem, goed in 'n span kan saamwerk en wat onder druk steeds goed en beleefd sal kommunikeer; en,
- iemand wat uiters georganiseerd en analities kan funksioneer en 'n basiese kennis het van:

- elektriese werke
- loodgieterwerk
- lief is vir tuinbou
- bou-ervaring/kennis
- huishoudelike orde

- 'n persoon wat verkieslik 'n NG Kerk-lidmaat is en bereid sal wees om 'n lidmaat van die NG Kerk Heuwelsig te word
- iemand wat fisies sterk en fiks genoeg is om die pas vol te hou
- 'n verantwoordelike sleuteldraer van die kerk sal wees
- rekenaarvaardigheid word sterk aanbeveel

Pligte behels onder meer:

- instandhouding en opgradering van geboue;
- instandhouding van die gedenkmuur;
- aankoop van voorrade;
- reëlings tref met kontrakteurs vir die diens van kerkimplemente soos byvoorbeeld lugverkoelers, brandblussers, ensovoorts;
- beplanning, beheer en toesig oor werkers se werksaamhede;
- meublement- en toerustingvoorraadopname;
- tuine - instandhouding en verfraaiing van terrein;
- instandhouding van boorgat en waterpomptoerusting;
- verantwoordelik vir fasiliteite se gebruik op Sondae en tydens kerkfunksies; en
- verantwoordelik vir logistiek met begrafnisse, kermisse, markte en ander fondsinsamelings

Salaris is op aanvraag by die kantoor beskikbaar.

Die kerkraad behou die reg voor om sonder opgaaf van redes nie 'n aanstelling uit die aansoekers te maak nie.

'n Volledige CV met naspeurbare karakterverwysings, kan **vóór of op 12:00 op Vrydag 15 Februarie 2019**, per hand by Anmar Potgieter by die kerkkantoor te Gilles van de Wallstraat 17, Dan Pienaar, ingedien word, of stuur per e-pos na admin@ngkerkheuwelsig.co.za teen dieselfde tyd.

Vir enige navrae: Kontak Anmar by 051 436 1967 (k), of admin@ngkerkheuwelsig.co.za